MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

R – Respek / Respect
A – Authentic / Oorspronklik
K – Kreatief / Creative
K – Kommunikasie / Communication
E – Entoesiasme / Enthusiastic
R – Responsibility / Verantwoordelikheid

> Wees jouself, maar wees altyd jou BETER self.

## Uit die Hoof se Kantoor

Die veiligheid van al ons leerders, bly altyd vir ons 'n prioriteit. Die afgelope tyd is die gedrag van fietsryers weer in die kollig. Ons versoek ouers vriendelik om met u kinders te praat oor veiligheid van fietryers. Maak asseblief seker dat u kind 'n valhelm dra. Ons versoek dat almal meer waaksaam sal wees. Ons vra ook vriendelik dat ouers met hul hoërskoolkinders praat wat soms die parkeerterrein betree, om die reëls in ons parkeerarea te gehoorsaam.




Ons het dit goedgedink om 'n visuele struktuur vir ons leerders te skep om aan te dui waar hul kan aanklop om hulp. Die struktuur sal met die leerders in die klas bespreek word en in die skool op kennisgewingborde geplaas word.
Volg gerus die skakels om die Intersenfase- en Grondslagfase-strukture, onderskeidelik, te bestudeer:

**GRONDSLAGFASE VERSLAGDOENINGSTRUKTUUR**

**INTERSENFASE VERSLAGDOENINGSTRUKTUUR**

# INLIGTING



**Klik asseblief op die skakel vir ons BIBLIOTEEKNUUS**






## MANDELADAG

Op Vrydag, 21 Julie 2023, vier ons Nelson Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool.* Op dié dag sal elke kind 67 minute van sy/haar tyd afstaan om HOOP aan duisende mense te bring. Die doel: om bewustheid te kweek by elke leerder, sodat ons 'n groot verskil kan maak met 'n klein mate van bedagsaamheid. Volg asseblief **DIE SKAKEL** vir meer inligting:

## KRIEKET

MRP se Krieketseisoen 2023 begin op Maandag, 5 Junie. Klik asseblief op die onderstaande skakels vir die volgende:

**ALGEMENE INLIGTING**

**MRP KRIEKETWEEK**


Vir navrae kontak mnr. Hannes Lambrechts: hannesl@midstreamridgeprimary.co.za



## MINI-HOKKIE

Mini-Hokkie-oefening begin op Maandag, 19 Junie 2023. Alle leerders van graad 1 tot 3 is welkom. Volg asseblief die onderstaande skakel vir belangrike inligting rakende datums van oefeninge en wedstryde. Vir verdere navrae kontak gerus vir juffrou Elmunde Venter by elmundev@midstreamridgeprimary.co.za

**MINI-HOKKIE**



## ONDER 10 HOKKIEPROEWE

**o.10-Seuns**

**Wanneer**: Vrydag, 2 Junie
**Waar**: MRP Hokkievelde
**Tyd**: 14:00-17:00

**o.10-Dogters**

**Wanneer**: Saterdag, 3 Junie
**Waar**: MRP Hokkievelde
**Tyd**: 08:00-12:00

BREIN, LEER & GEHEUE GIMNASIUM

## BLGG STUDIEMETODEKURSUS

Druk asseblief op die skakel vir inligting rakende 'n uitgebreide studiekursus vir gr. 4-7 leerders: **BLGG STUDIEKURSUS**

# RAKKER-STERRE

## *A+ MATHS*-UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasie tydens die 17de ***A+ Wiskunde Nasionale Kompetisie*** wat op Saterdag, 13 Mei by *Midstream Ridge Laerskool* plaasgevind het. 175 Leerders van Pretoria Sentraal-Oos en Midstream het deelgeneem. Ons is baie trots op hierdie leerders!

| NAAM | GRAAD | EKSAMENVLAK | TOEKENNING |
|---|---|---|---|
| Cor van Zyl | 1A1 | Boek 6 | Goud |
| Matthew Oberholzer | 1A1 | Boek 6 | Brons |
| Henry Purchase | 1E1 | Boek 9 | Kampioen van Kampioene |
| Milla Walters | 2A2 | Boek 6 | Kampioen |
| Christine Clark | 2A1 | Boek 6 | Goud |
| Anja De Wet | 2A1 | Boek 6 | Silwer |
| Mia Moggee | 2A1 | Boek 6 | Silwer |
| Markus De Jager | 2A1 | Boek 6 | Brons |
| Markus Smit | 2A2 | Boek 8 | Kampioen |
| Adrio Joubert | 2A3 | Boek 8 | Goud |
| Ruben Du Plessis | 2A1 | Boek 8 | Silwer |
| Jean Viljoen | 2A3 | Boek 8 | Silwer |
| Mieké-Mari Visagie | 2A3 | Boek 8 | Brons |
| Oreneile Mphake | 2E2 | Boek 9 | Silwer |
| Logan Kotzee | 2A2 | Boek 9 | Goud |
| Clara Rozendaal | 2A1 | Boek 10 | Goud |
| Arhaan Mohabir | 3E3 | Boek 9 | Kampioen |
| Chrisna Swartz | 3A3 | Boek 10 | Silwer |
| Matthew Basson | 3A1 | Boek 10 | Silwer |
| Michelle Rudolph | 3A1 | 10de Kyu | Kampioen |
| Emma Roets | 3A3 | 9de Kyu | Goud |
| Luan Muller | 4A1 | Boek 8 | Silwer |
| Luka De Wet | 4A2 | Boek 9 | Silwer |
| Xander Coetzee | 4A2 | 8ste Kyu | Kampioen van Kampioene |
| Uthmaan Sahib | 4E1 | 8ste Kyu | Kampioen |
| Graham Purchase | 4E1 | 8ste Kyu | Goud |
| Kian Rozendaal | 4A3 | 8ste Kyu | Goud |
| Wihanro van Wyk | 4A2 | 8ste Kyu | Goud |
| Li-Ané Starke | 4A1 | 7de Kyu | Kampioen |
| Simoné Clark | 5A1 | 8ste Kyu | Silwer |
| Christo van der Merwe | 5E3 | 8ste Kyu | Brons |
| Omolemo Mphake | 6E1 | 7de Kyu | Goud |
| Luhan van Wyk | 6A2 | 6de Kyu | Goud |
| Wihan Starke | 7A2 | 5de Kyu | Kampioen |

Voltooi asseblief die onderstaande Google Vorm in die onderstaande skakel indien u by ons gaan aansluit vir TRUTH se **LOFPRYSINGSAAND**







## TRUTH

Die tyd is nou min en ons het jou bydrae broodnodig. TRUTH reik dié kwartaal op Saterdag, 3 Junie na die *Dierebeskermingsvereniging*, uit. Leerders kan skenkings by ontvangs los.

Navrae: Juffrou **Minette Bornman** (minetteb@midstreamridgeprimary.co.za)

Volg asb. die onderstaande skakel vir hul wenslysie:

**DBV-WENSLYSIE**



## MUSIEKSENTRUM HOOGTEPUNTE - KWARTAAL 2

Soos u reeds weet, is die eerste LEERDERKONSERT vir hierdie jaar geskeduleer vir Saterdag, 3 Junie 2023. Die Saal, @RakkerCare, G14 (Me B. Botha se klas) asook G17 (Mnr. JP de Villiers se klas) sal gelyktydig deur individuele onderwysers van 08:00 tot 12:00, gebruik word. U kind se onderwyser sal u inlig oor hul toegewese plek en tydgleuf.

Musiek is 'n uitvoerende kuns en daarom is die doel van hierdie klein, intieme konserte om 'n geleentheid te skep vir alle musiekstudente om een of meer stukke voor 'n gehoor op te voer, selfvertroue te kry en hul liefde vir musiek met ouers en maats te deel.

Ons is opgewonde om u meer te vertel oor die ***PROMS*-AAND** op Saterdag, 3 Junie 2023 vanaf 18:00 tot 19:00 in die skoolsaal.

Ons het baie talentvolle en baie hardwerkende musiekleerders (asook musiekonderwysers) wat 'n wye verskeidenheid instrumente bespeel.

Hierdie talente verdien om gereeld vertoon te word deur goed ingeoefende stukke aan 'n wyer gehoor op te voer. Ons sal die reaksie op ons eerste *Proms*-aand evalueer, en hopelik ten minste een konsert per kwartaal skeduleer. Musiekonderwysers sal verdienstelike leerders na goeddunke inskryf. Die ONDERWYSERSKONSERT wat vir Sondag, 11 Junie beplan word, word dus gekanselleer en met die PROMS-AAND van 3 Junie, gekombineer.







